Kwelvrae oor VADER en Seun

G. J. du Preez 072 1876 076

Waar en wanneer het die VADER die Seun voortgebring? Wie is die onbekende VADER? Wat is die VADER se Naam?

Lees die volgende saam met my wat in 1 Joh. 1:2 en verder: *en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die VADER was en aan ons geopenbaar is*—(m.a.w. YAH wat by die VADER was, is aan ons geopenbaar) 1:3 *en wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die VADER en met Sy Seun, YAHUSHA dié Gesalfde. 1:7... as ons in die lig (VADER) wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van YAHUSHA dié Gesalfde, Sy Seun, reinig ons van alle Wetsoortredinge. 2:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat YAHUSHA die Gesalfde is,* m.a.w. nie net die Rooms-Katolieke of sekere instansies of kultusse nie, maar dié tussen ons wat nie die Seun erken nie! Die wat sê dat die Seun wel die VADER in vlees is; Die wat sê VADER is Gees, en Hy het 'n vleeslike liggaam kom ontvang (*Hulle sê die Seun is die VADER in die vlees*). Dus is hulle die Anti Nasaréner; Anti Seun van VADER. Anti wat beteken: In die plek van, m.a.w. In die plek van die Seun is die VADER. Dit is die Anti *Messiah* wat die VADER en die Seun loën).
1 Joh.*3:8 Hy wat die Wetsoortreding doen, is uit die duiwel, want die duiwel oortree die Wet van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van VADER verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek. 3:9 Elkeen wat uit VADER gebore is, doen geen Wetsoortreding nie, omdat Sy saad in hom bly; en hy kan nie die Wet oortree nie, want hy is uit VADER gebore. 3:23 En dit is Sy gebod, dat ons in die Naam van Sy Seun, YAHUSHA dié Gesalfde, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. 3:24 En hy wat Sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het. 4:2 Hieraan ken julle die Gees van VADER: elke gees wat bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het, is uit VADER; 4:3 en elke gees wat nie bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het nie, is nie uit VADER nie; en dit is die gees van die Anti -Messiah waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld,* M.a.w. erken "YAH" dié Seun van VADER ook as VADER se Gees van afsondering (Apart).

YAH het Gees by VADER ontvang en daardie gees in Adam geblaas. Vandaar het VADER se Gees voortgegaan in die geslagte wat volg. Net hulle kan die Seun en VADER onderskei. *4:4 Julle is uit VADER, My kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het VADER nie geken nie, want VADER is liefde. 4:9 Hierin is die liefde van VADER tot ons geopenbaar, dat VADER Sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.*

VADER sê dat YAHUSHA Sy eersgebore is; maar in Ex.4:22 staan dat ons as Yashar'EL ook die eersgebore seun is. M.a.w. Die Seun van VADER is dié eersgeborene, en Yashar'EL is dié eersgeborene van YAH (Die Seun)

*4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons VADER liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun (*YAH*) gestuur het as 'n versoening vir ons Wetsoortredinge. 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die Seun as Losser van die wêreld gestuur het. 4:15 Elkeen wat bely dat YAHUSHA die Seun van VADER is—VADER bly in hom, en hy in VADER 5:1 Elkeen wat glo dat YAHUSHA die Gesalfde is, is uit VADER gebore; en elkeen wat die VADER liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.* (Yashar'EL as eersgeborene van YAH moet weer gebore word "doop" as VADER s'n). *5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat YAHUSHA die Seun van VADER is? 5:10 Wie in die Seun van VADER glo, het die getuienis in homself. Hy wat VADER nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat VADER aangaande SY Seun getuig het nie. 5:11 En dit is die getuienis: dat VADER ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in SY Seun. 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van VADER nie het nie, het nie die lewe nie. 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van VADER, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van VADER. 5:20 En ons weet dat die Seun van VADER gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in SY Seun, YAHUSHA dié Gesalfde. Hy is die waaragtige Vader en die ewige lewe.*

Net 'n paar ander verwysings. *Gen.1:26 En ons Skepper het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, Gen.11:7 Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar* (onmiddellik hoor ek die 'Ons' wat meervoud is). *Ps.2:7 Ek wil vertel van die besluit: VADER het aan My gesê: U (YAHUSHA) is MY Seun, vandag het Ek self U gegenereer.* In die Engelse Skrifte staan: Begotten= H3205 ילד Yalad BDB Definition: 1 *to bear, bring forth, beget, gender, travail (1a1) to bear, bring forth (1a1a) of child birth.*

Hand. 13:33 soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is MY Seun, vandag het Ek U gegenereer. Hand. 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van VADER en die Naam van YAHUSHA dié Gesalfde verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue. Hand. 8:37 Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat YAHUSHA dié Gesalfde die Seun van VADER is. Matt.3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is MY geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

*Matt.17:5 Terwyl hy (*Petrus*) nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is MY geliefde Seun in wie EK 'n welbehae het. Luister na Hom! 2 Pet.1:17 want Hy (YAHUSHA) het van VADER die VADER eer en lofwaardigheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke lofwaardigheid tot Hom gekom het: Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.*
*Hand. 7:55 Maar hy (*Stéfanus*) was vol van die Reine Gees en het die oë na die hemel gehou en die lofwaardigheid van VADER gesien en YAHUSHA wat staan aan die regterhand van VADER. 7:56 En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van VADER staan. Joh. 12:28 VADER, ag U Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek hét dit geag, en Ek sal dit weer ag. 12:29 En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê: 'n **E**ngel het met Hom gespreek. 12:30 YAHUSHA antwoord en sê: Hierdie stem het nie om My ontwil gekom nie, maar om julle ontwil* (Uit die hemel kom die stem terwyl YAHUSHA op die aarde was). *Ps.22:1... My VADER, My VADER, waarom het U My verlaat, ver van My hulp, van die woorde van My gebrul? Matt.27:46 .... YAHUSHA* (het*)met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My VADER, My VADER, waarom het U My verlaat?*(VADER was in YAHUSHA "Geestelik" en het Hom verlaat. VADER is in ons, en deur Wetsoortredinge verlaat HY ons ook. YAHUSHA was op aarde en het geroep tot VADER wat weg van Hom af gewees het).
Open. 11:15 Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse VADER geword en van SY Gesalfde, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid (Ha satan is oorwin en verbrysel deur YAHUSHA waarvan alles nou aan VADER behoort en SY Seun YAH ons Koning).

Matt. 16:27 Want die Seun van die mens staan gereed om met Sy engele in die lofwaardigheid van Sy VADER te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade (YAHUSHA gaan kom as YAH ons Koning in VADER se Grootsheid / Lofwaardigheid)! *Luk 22:70 En hulle sê almal: Is U dan die Seun van VADER? En Hy antwoord hulle: U sê dat Ek dit is. Joh. 8:28 En YAHUSHA sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit **Ek is**; en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat My VADER My geleer het, dit spreek Ek. Joh. 10:25 YAHUSHA antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van My VADER, dié getuig van My. 1 Pet 1:3 Geseënd is die VADER en VADER van onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde wat na Sy grote barmhartigheid ons die geboorte van bo geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van YAHUSHA dié Gesalfde uit die dode,* As die gelese vers nie duidelik deurkom in besef dat daar 'n VADER en 'n Seun is nie, dan is dit nie vir jou nie.

1 Joh. 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die VADER en met SY Seun, YAHUSHA dié Gesalfde. Open. 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My VADER en voor Sy Engele. Hand. 2:36 Laat dan die hele huis van ~~Israel~~ Yashar'EL *sekerlik weet dat VADER Hom YAH en Gesalfde gemaak het, hierdie YAHUSHA wat julle gefolter het. (* Die gelese Skrif gedeeltes wys tog duidelik die VADER en Seun uit, en dat VADER die Seun voortgebring het. VADER het dus die Seun voor die grondlegging van die aarde reeds gesalf).
Joh. 17:25 Die wêreld U nie geken nie.. (Hoekom wil die mens die VADER 'n naam gee? Moses het ook verlang na 'n naam. Aan hom is gesê: Ek is; Ek is wat Ek is). *In Ex.6:2 staan: En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as Skepper, die Almagtige, maar met My Naam YAH het Ek My nie aan Hulle bekend gemaak nie* (Ons ken werklik nie eers die Seun se Naam nie. Ja, ons weet die betekenis: "Ek is jou Losser". Open.2:17; 3:12 praat van 'n nuwe Naam! VADER en Sy Seun sal albei onbekend wees tot en met die openbaring. Matt. 11:27; Joh. 16:3). *Jak. 2:1 My broeders, laat julle geloof in onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde, YAH van die lofwaardigheid,..... Jud. 1:17 Maar julle, geliefdes, moet die woorde onthou wat tevore gespreek is deur die apostels van onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde* (As YAHUSHA gesalf was, wie het Hom gesalf? Is dit nie dié VADER nie?) *Hand. 2:36 Laat dan die hele huis van ~~Israel~~* Yashar'EL *sekerlik weet dat VADER Hom YAH dié Gesalfde gemaak het, hierdie YAHUSHA wat julle gefolter het. Jak. 1:1 Jakobus, 'n dienskneg van VADER en Meester YAHUSHA dié Gesalfde,....*
2 Joh. 1:3 guns, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van VADER die VADER en van Meester YAHUSHA dié Gesalfde Seun van die VADER, in waarheid en liefde.
Die wat een "Heerser" begrip het sal nie die Seun kan erken as 'n indiwidu deur VADER geskape / gegenereer WAS nie; Hulle wat sê dat die VADER as die Seun in die vlees gekom het,maak ook deel uit van die anti (*In die plek v*).

Die gestuurde

Matt. 10:40 Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. 15:24 Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van ~~Israel~~ Yashar'EL.
*Joh 3:17 Want ~~God~~ VADER het SY Seun in die wêreld gestuur ... 3:34 Want Hy (*YAHUSHA*) wat ~~God~~ VADER gestuur het, spreek die woorde van ~~God~~ VADER;.. Joh 4:34 ~~J*sus~~ YAHUSHA sê vir hulle: My voedsel is om die wil te doen van HOM wat My gestuur het en om SY werk te volbring. Joh. 5:23 sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die VADER eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die VADER wat Hom gestuur het nie. Joh 5:24; Joh 5:30; Joh 5:36; Joh 5:37*

*Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van HOM wat My gestuur het. Joh 6:44 Niemand kan na My toe kom as die VADER wat My gestuur het, hom nie trek nie;.. Joh 7:16.. My leer is nie Myne nie, maar van HOM wat My gestuur het. Joh 8:26 .. wat Ek van HOM gehoor het, dit spreek Ek tot die wêreld. Joh 8:29 En Hy wat My gestuur het, is met My; die VADER het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat HOM welgevallig is. Joh 16:5 En nou gaan Ek na HOM wat My gestuur het;.. Joh 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige ~~God~~ VADER, en ~~J*sus Christus~~ YAHUSHA dié Nasaréner wat U gestuur het. Joh 17:23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het. 1Jo 4:9 Hierin is die liefde van ~~God~~ VADER tot ons geopenbaar, dat ~~God~~ VADER SY eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe 1Jo 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons ~~God~~ VADER liefgehad het nie, maar dat HY ons liefgehad het en SY Seun gestuur het as 'n versoening vir ons ~~sondes~~ oortredings….. 1Jo 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die Seun as ~~Ver~~ Losser van die wêreld gestuur het. Joh. 5:38; 6:29,39,40,57; 7:18,28; 7:33; 8:16,18,42; 9:4; 11:42; 12:44,45,49; 13:20; 14:24; 17:8,18,2,25; 20:21*

Die gelese stuk wys duidelik uit dat VADER weer vir YAHUSHA "as YAH" na die aarde toe gaan stuur, weg van Hom af, na die aarde toe, maar die keer as Koning en Heerser, nie as 'n nederige wat op 'n donkie gery het nie, maar as 'n septer draende geregtigheid. Ons kan ook nou mooi sien dat YAH voor die grondlegging van die aarde dié gesalfde moes gewees het, want Hy het die outoriteit van 'n "mede Skepper" by VADER as dié SKEPPER ontvang.

In *Gen 1:26* staan*: En ons Skepper het gesê: Laat Ons mense maak* (Die een Skepper het aan die ander Skepper gesê)!

Open. 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse VADER geword en van SY Gesalfde en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. Halleluja!! Mark. 14:36 En Hy sê: Abba,VADER, YAHUSHA stel dit duidelik dat Hy van Sy VADER praat, want Hy pleit dan voor HOM!. Daar is altyd ruimte in vertalings om die teenoorgestelde ook te kan bewys, maar in die geval van Abba en VADER is dit 'n reguit stelling wat nie 'n ander sy kan hê nie. Abraham wat ook 'n vader figuur was het direk met die hoofletter "Engel" (YAH-U-SHA) gepraat. *Joh. 3:16 Want so lief het VADER die wêreld gehad, dat HY SY eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. 17 Want VADER het SY Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. 18 Hy wat in Hom (*YAHUSHA*) glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van VADER nie.*

*Joh. 20:31 maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat YAHUSHA die Gesalfde is, die Seun van VADER; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in Sy Naam. Joh. 17:4 Ek (*YAHUSHA*) het U (*VADER*) respekteer op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. 5 En nou, VADER, ag My by Uself met die lofwaardigheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. 6 Ek het U Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord bewaar. 7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom. Amein!*
Luister nou na die volgende: *Hos. 2:15 En in dié dag, spreek YAH, sal jy My noem: My man; en jy sal My nie meer noem: My Baäl nie. 16 Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie. Jer.2:8 ..die wat die Wet handhaaf, het My nie geken nie; en die vorste het teen My oortree, en die profete het geprofeteer deur Baäl en agter dinge aan geloop wat geen voordeel bring nie. 23:13...hulle profeteer deur Baäl en verlei My volk ~~Israel~~* Yashar'EL; *27 is hulle daarop bedag om My volk My Naam te laat vergeet..., soos hulle vaders My Naam vergeet het deur Baäl?* (Die predikers van die dag preek en leer die volk met die alom bekende name; Vader, God, Here, J*sus Christus wat in die plek is van die oorspronklike Name: VADER, Heerser, YAH,(YAH-U-SHA) YAHUSHA dié Gesalfde. In die plek van (*"Anti"*) die regte Name gebruik hulle die Baäl name. Die Webster woordeboek wys mooi die anti woord uit: against, opposite, contrary, or in place of; (*1 Joh. 2:18,22; 4:3, 2 Joh. 1:7*).
So almal wat iets anders in 'n oorspronklike "Name" se plek plaas maak deel uit van Ha satans se verwarring dat dié Seun en VADER nie erken kan word nie, en die wat die mense so leer, is die anti Chris, anti Gesalfde, anti VADER, anti YAH en anti YAHUSHA.
Ns:
Ter afsluiting moet ek dit onderstreep dat daar 'n Hemel en Hemele is. "Onse VADER in die Hemele"; YAHUSHA praat en bid tot VADER in die Hemele, waarvan YAHUSHA SY Gesalfde op aarde in die hemel is. YAH as YAHUSHA word gestuur uit die Hemele; Ontvang bevele uit die Hemele; Word mee gepraat uit die Hemele terwyl Hy op aarde was met sy eie Hemel. YAHUSHA gaan sit aan die regterhand van VADER in die "Hemele" nie Hemel nie! YAH was ons koning in die "Hemel" waarvan ons voorvaders Hom nie meer wou hê nie. In Ha satan se tydelike heerskappy op aarde het YAHUSHA ons 'Los kom koop' aan die folterpaal (*Ha satans se mag is gebreek*). YAH het die dode in die doderyk bevry; Baie openbaringe het toe gekom; Ha satan het toe nie meer toegang tot die hemelse "Hemele" nie. YAHUSHA het Sy heerskappy gaan haal by VADER en gaan weer terugkom as ons Koning YAH! Lw. Daar is drie Hemele (Realms) Een is die aardse, Twee is waar die demone en boodskappers heers en Derdens is waar VADER woon. Bedink dit